

Vrydag 26 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 6:1-4

Die Here bepaal die ouers en kinders se verhouding met mekaar

Die kerk se eenheid is nie net aangrypend omdat die kerk uit mense uit alle volke bestaan nie, maar ook uit alle ouderdomme. Teenoor verkeerde uitoefening van gesag moet ouerlike gesag uit liefde, onder beheer van die Heilige Gees uitgeoefen word.

Kinders is deel van die kerk, daarom word hulle aangespreek: Kinders, wees gehoor-saam aan julle ouers asof aan die Here. Die Here het die ouers aangestel en gesag oor hulle kinders gegee en daarom eis Hy respek en liefde vir die ouers. Uit hierdie verhouding van liefde en eerbied van kinders teenoor hulle ouers vloei hulle ander verhoudinge voort, byvoorbeeld die kind se verhouding met sy/haar grootouers, ouer mense en mense van ander volke.

Die gebod om gehoorsaam aan ouers te wees, kry 'n belofte by. Dit sal met hulle goed gaan en hulle sal 'n mooi lewe hê. Kinders moet gehoorsaam wees omdat hulle die Here se kinders is.

Ouers moet hulle kinders so opvoed dat hulle nie opstandig raak deur onredelike eise en verwagtinge aan hulle te stel nie. Ouers moet so optree dat hulle kinders nie geestelik gekneus word nie, en daarom moet die opvoeding en tug nie onregverdig wees nie. Tug beteken om die kwaad te stuit, uit te wys en die kind op die regte koers te bring en te hou. Die liefde moet hierin die deurslag gee, want ouers is net instrumente in die groot Op-voeder, die Here, se hand. Deur ouers se optrede leer kinders om die Here te eer en te gehoorsaam.

Sing: Psalm 128-1:3

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)